

Internasionale Dag vir Verpleegkundiges – 12 Mei

Ná twee jaar van 'n wêreldwye gesondheidspandemie wat die verskuiwingslyne en baie uitdagings in verpleegkunde blootgelê het, moet ons nou vorentoe kyk na onderrig en opleiding om die kritieke tekort aan geskikte en behoorlik gekwalifiseerde verpleegpersoneel wêreldwyd aan te spreek, skryf Hester Klopper*.

Toe die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) 2020 as die jaar van die verpleeg- en verloskundige aangewys het om hul lewensbelangrike rol in gesondheidsorg te erken, kon niemand voorsien het hoe profeties – of ironies – dit sou wees nie. Ons het nie toe geweet dat 2020 die jaar sou wees waarin die wêreld tot 'n skielike en skokkende stilstand geruk sou word weens die Covid-19-pandemie nie. As frontliniewerkers was verpleegkundiges altyd – dag en nag – blootgestel.

Wanneer ons verpleegkundiges op die Internasionale Dag vir Verpleegkundiges op 12 Mei (die herdenking van Florence Nightingale se geboortedag) eer, kom ons weer eens voor die tallose uitdagings te staan wat die pandemie die afgelope twee jaar blootgelê het – veral die kritieke tekort aan verpleegkundiges in Suid-Afrika, op die vasteland en wêreldwyd. Dit is belangrik dat ons erkenning gee aan die leemte in gekwalifiseerde verpleegkundiges en die lewensbelangrike rol wat hulle speel om wetenskapgebaseerde verpleegsorg en spesialisdienste te lewer wanneer nodig.

Ten slotte ...

Vanjaar se tema vir die Internasionale Dag vir Verpleegkundiges is “Verpleegkundiges: 'n Stem om te lei – Belê in verpleegkunde en respekteer regte om globale gesondheid te verseker”. Indien ons ten doel het om hierdie meervlakkige uitdaging aan te spreek, benodig ons beslis groter belegging vanaf die private sektor en die regering. Maar groter belegging sal nie help indien ons nie belangstelling in verpleegkunde as 'n beroepskeuse skeep nie.

Daar moet binne die breër konteks van werkloosheid in Suid-Afrika werwingstrategieë bedink word om te verseker dat ons universiteite die beste moontlike kandidate kan lok wat loopbane in verpleegkundige praktyk, onderrig, navorsing en in gesondheidsbeleid sal bou.

Belegging in verpleegopleiding in hoër onderwys is ons grondslag om aan die een kant 'n uitkoms te skeep wat ons gesondheidsorgstelsel met voldoende gekwalifiseerde verpleegkundiges ondersteun om aan pasiënte, families en gemeenskappe die beste sorg moontlik te bied. Aan die ander kant kan ons die verplegingsberoep versterk deur opleiding te verskaf en navorsing te doen wat 'n impak op die toekoms van gesondheidsorg wêreldwyd sal hê.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees

**Prof Hester Klopper is Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake aan die Universiteit Stellenbosch, 'n professor in Globale Gesondheid, 'n genoot van die Akademie vir Verpleegkunde van Suid-Afrika (FANSA) en 'n genoot van die Amerikaanse Akademie vir Verpleegkunde (FAAN).*